

LEESBEGRIP

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

Verstoppte drein inspireer nuwe kinderboekreeks



1. 'n Knaend verstoppte drein in sy huis en 'n loodgieter wat omtrent moes kopkrap om die probleem op te los het 'n nuwe kinderboekreeks uit die bekroonde skrywer Jaco Jacobs se pen geïnspireer.
2. *Waldo en die weerwolf met die rooi tekkies* en *Waldo en die draak met die groen tong* is die eerste twee boeke in Jacobs se splinternuwe Waldo-reeks, wat onlangs deur Pan Macmillan Suid-Afrika uitgegee is. Dit is deur Gwendolene van der Merwe geïllustreer.
3. Jacobs, wat al meer as 185 boeke geskryf het, sê “idees (vir boeke) kruip op vreemde plekke uit” en sy jongste reeks is geen uitsondering nie.
4. “'n Loodgieter is iemand wat elke dag met verskillende mense te doen kry, hul kombuise en badkamers sien – en seker soms eienaardige dinge in verstoppte pype ontdek.
5. “Dit is waar die idee ontstaan het – Waldo se ma is 'n loodgieter en hy ry smiddae saam met haar in haar bussie. In die proses ontmoet hy 'n klompie vreemde karakters wat tot vreemde avonture lei.”
6. Benewens Waldo en sy ma, Linda, kan lesers daarna uitsien om ook sy beste vriendin, Connie, te leer ken, wat nie net met die jongste tegnologie vir Waldo help om raaisels op te los nie, maar dit boonop doen ondanks die feit dat sy verlam is.
7. “Waldo het 'n talent om ander mense met hul probleme te help en verlore dinge op te spoor, maar hyself het 'n reuse-gemis in sy lewe – hy het nooit sy pa geken nie, en die verlange knaag soms aan hom.”
8. Die Waldo-reeks het soos van Jacobs se ander skryfwerk 'n gruwel-element, 'n genre waarvoor hy bekend is en waarvoor hy 'n voorliefde het, maar hy sê hy sukkel om na, byvoorbeeld, weerwolwe en drake in die reeks as “monsters” te verwys omdat hulle (die monsters) “op die ou end 'n storie (het), dikwels nogal met 'n hartseer of roerende ondertoon”.

9. Hoewel hy sê hy meestal geen benul het hoeveel boeke in een van sy reekse gaan wees nie, is sake met Waldo ietwat anders: Daar gaan net vier boeke wees. “Ek wou van die begin af ’n reeks met ’n definitiewe einde skryf. Die boeke kan afsonderlik gelees word, maar daar is ’n deurlopende storielyn – die geheimsinnige verdwyning van Waldo se pa – wat in al vier boeke voorkom en in die vierde boek baie sentraal staan.”
10. Die derde en laaste aflewering in die reeks sal teen April op die rakke wees.



(Verwerk uit: *Die Burger*, 19 November 2020)

VRAE:

1. Hoe het Jaco Jacobs die idee vir sy nuwe kinderboekreeks gekry? (2)
2. Noem die titels van die eerste twee boeke in Jaco Jacobs se nuwe reeks. (2)
3. Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi:
Gwendolene van der Merwe _____.
 A) is Waldo se ma.
 B) is die uitgewer van die Waldo-reeks.
 C) het die prentjies vir die Waldo-reeks geteken.
 D) het Jaco Jacobs geïnspireer om die Waldo-reeks te skryf. (1)
4. Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi:
'n Loodgieter is iemand wat _____.
 A) kombuiskaste installeer.
 B) met krane, pype en dreine werk.
 C) badkamers teël en verf.
 D) mense in ’n bussie vervoer. (1)

5. Haal twee opeenvolgende woorde uit paragraaf 4 aan wat daarop dui dat loodgieters soms vreemde goed in verstopte pype vind. (1)
6. Verduidelik wie die volgende persone is:
 - 6.1 Linda (2)
 - 6.2 Connie (2)
7. Haal 'n sinsdeel uit paragraaf 7 aan wat vir ons sê dat dit Waldo partykeer pla dat hy nie sy pa ken of weet waar hy is nie. (1)
8. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee 'n bewys uit paragraaf 8 om jou antwoord te motiveer.

Jaco Jacobs skryf graag bangmaakboeke. (2)
9. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal 'n sinsdeel uit paragraaf 9 aan om jou antwoord te motiveer.

Jaco weet altyd presies hoeveel boeke daar in een van sy reekse gaan wees. (2)
10. Watter groot raaisel kan jy aflei word in die laaste boek in die reeks opgelos? (2)
11. Verduidelik in jou eie woorde wat paragraaf 10 beteken. (2)

/20/

ANTWOORDE:

1. 'n Drein by sy huis het aanmekaar verstop en 'n loodgieter het gesukkel om vas te stel wat die probleem is. (2)
2. *Waldo en die weerwolf met die rooi tekkies / Waldo en die draak met die groen tong* (2)
3. C) het die prentjies in die Waldo-reeks geteken. (1)
4. B) met krane, pype en dreine werk. (1)
5. "eienaardige dinge" (1)
- 6.1 Linda is Waldo se ma. Sy is 'n loodgieter. (2)
- 6.2 Connie is Waldo se beste vriendin. Sy is verlam. Sy is goed met tegnologie. Sy help om om raaisels op te los. (ENIGE TWEE) (2)
7. "die verlange **knaag soms aan hom**" (1)
8. WAAR. Hy het 'n voorliefde vir boeke met 'n gruwel-element. (2)
9. ONWAAR. "meestal geen benul" (2)
10. Waldo vind uit wie sy pa is en waarheen hy verdwyn het. (2)
11. Die derde en vierde boeke in die reeks sal teen April in winkels beskikbaar wees. (2)

/20/